

STYLFIGURE

Wat is stylfigure?

Sodra 'n skrywer of spreker afwyk van die eintlike benaming van 'n ding, van die normale segging of die gewone sinsbou, woordorde, ens. om daardeur effek te bereik of 'n saak direkter en beknopter uit te druk, gebruik hy 'n stylfiguur. Ons kan twee hoofgroepe onderskei: (a) trope (b) ander stylfigure.

A. TROPE (BEELDSPRAAK)

1. Wat is beeldspraak?

Alle woorde waarmee ons oor onstofflike dinge praat, het oorspronklik iets stofliks beteken of is van sulke woorde gevorm. In die loop van die eeue, het die oorspronklike benaminge van konkrete dinge en sake dus mettertyd 'n vergeesteliking ondergaan. As gevolg hiervan word veel van ons daaglikse taal in beeldende taal geuit, maar dit het al so alledaags en cliché geword dat ons dit nie meer agterkom nie: die ou betekenis is eenvoudig uit die oog verloor. As ons vandag praat van „iets **begryp**” „**skerp** taal” of „dit **bevat** suurstof”, dan dink ons nie meer aan die liggaamlike handelinge nie.

Wat dan is beeldspraak? Kom ons kyk na enkele voorbeelde. Op een plek in 'n boek lees ons: „Die skaduwees **dans** woeswild teen die gewitte muur.” Maar skaduwees kan mos nie regtig dans nie! Praat die skrywer dan verkeerd? Op 'n ander plek sê hy weer: „Pasop vir haar. Sy is 'n regte klein geitjie.” Maar 'n mens is mos nie 'n reptiel nie! Wat het die skrywer gedoen? In plaas van reguit — padlangs — te praat het hy beelde of figure gebruik om dinge aan te dui, m.a.w. bv het hom van beeldspraak bedien.

Ons kan 'n troep (d.i. beeldspraak) dus as volg omskryf: **beeldspraak bestaan daaruit dat ons 'n ding nie met sy eintlike naam noem nie, maar met 'n ander naam wat 'n beeld daarvan is.** Dit is 'n besondere soort betekenisverandering van 'n woord of rede.

Ander benaminge vir 'n troop is:

(a) **beeldspraak**

(b) **figuurlike taal**, want kyk: as ons 'n ding by sy regte naam of eintlike benaming noem, gebruik ons die woord(e) **letterlik**; maar as 'n woord as naam gegee word aan 'n ding waarvan dit nie die eintlike naam is nie, m.a.w. as ons 'n beeld (of figuur) gebruik om die ding voor te stel, gebruik ons die woord **figuurlik** — gebruik ons m.a.w. figuurlike taal. (**Figuur en beeld** is sinoniem.)

(c) **oordragtelike taal**, want die naam van een ding word oorgedra op 'n ander.

2. Psigologiese agtergrond

As ek van 'n meisie sê: „Daardie klein geitjie het hom lelik ingeklim,” dan assosieer ek die meisie in my verbeelding met 'n geitjie, omdat albei 'n sekere eienskap of karaktertrek besit wat met mekaar ooreenstem; m.a.w. ek sien die een in die ander. Ek noem egter nie die meisie se naam nie, slegs dié beeld van haar wat ek op daardie oomblik met my verbeeldingsoog die eerste raakgesien het. Die oordragtelike betekenis by beeldspraak ontstaan dus daaruit dat twee dinge **inmekaar** gesien word in ons gees.

3. Geaardheid van beeldspraak

As ek 'n meisie 'n „geitjie” noem, doen ek dit, omdat daar vir my 'n sekere ooreenkoms tussen die twee is: albei is kwaai. Om dié rede het ek hulle inmekaar gesien. As ek sê: „Toe ek binnestap, sien ek net gesigte”, bedoel ek natuurlik „net mense”; maar ek het „gesigte” gesê, omdat daar vir my 'n sekere verband tussen die twee bestaan: ek het die gesigte met die mense verbind.

Deur dat ons by beeldspraak die een ding in die ander sien, steun alle trope op 'n betrekking of verhouding tussen twee dinge. Ons onderskei hoofsaaklik twee soorte verhoudinge: (a) assosiasie deur ooreenkoms en (b) assosiasie deur verband.

(a) **Assosiasie deur ooreenkoms:**

Ons vind drie psigologiese soorte ooreenkoms:

- (i) verstandsooreenkoms, d.w.s. ooreenkoms deur die verstand begryp, bv.

Die vernietiging van die Engelse vloot sou Engeland in die hart tref.

As die hart gaan staan, is die liggaam dood. Die vloot van Engeland is sy hart, en as die vloot vernietig word, is Engeland so te sê oorwonne.

- (ii) fantasie-ooreenkoms: die vyf sinne stuur hulle foto's deur na die harsings (verbeelding) waar hulle bewaar en na willekeur gereproduseer word. As gevolg van indrukke op die sintuie sien die fantasie die een ding in die ander, m.a.w. dit is 'n ooreenkoms wat die sintuie raak. Voorbeelde:

Piet is 'n haantjie onder die meisies.

Sy is ons Afrikaanse nagtegaal.

Hierdie twee afdelings is gewoonlik objektief, d.w.s. die ooreenkomste lyk op mekaar buite ons; maar die volgende een is subjektief, d.w.s. die ooreenkomste lyk buite ons nie op mekaar nie, maar binne stem hulle in gevoelstoon ooreen.

- (iii) gevoelsooreenkoms, d.w.s. 'n ooreenkoms wat in die skrywer (of spreker) se gemoed ontstaan. Dit is 'n ooreenkoms wat die gemoed raak, al is daar geen ooreenkoms wat betref die gewaarwordinge van die sintuie nie. Tipies hiervan is van Deyssel se voortreflike hoofstuk oor die prosa:

Ik houd van het proza dat dartelt en jubelt als een waaiend Zomerwoud vol vogels. Ik houd van het proza dat over my daalt als een gouden sneeuw van woorden. Ik houd van woorden die op my neerbonken als vallende balken, van woorden, die my voorbysissen als kogels . . .

(b) **Assosiasie deur verband:**

Hier word soms ook tussen verstandsverband, fantasieverband en gevoelsverband onderskei, m.a.w. verband wat met die verstand begryp word, verband wat deur die fantasie

veroorsaak word en verband wat gevoel word. Dis egter makliker vir ons om hier slegs aan te toon hoe die assosiasie ontstaan. Ons assosieer grys hare bv. met ouderdom. Hoe-kom? As ek sê: „Jy moet sy grys hare respekteer,” dan verbind ek „grys hare” met „ouderdom”. Daar is vir my ’n verband tussen die twee; dus assosieer ek die een met die ander, en daarom sien ek die een in die ander. En as ek sê: „More moet ek terug na die nare ou lessenaar,” dan verbind ek „lessenaar” met „skool”. Vir my gevoel is daar ’n verband tussen die twee; daarom sien ek die een in die ander.

Beeldspraak, soos ons hierbo aangetoon het, word dus nie alleen begryp en gesien nie, maar ook gevoel, m.a.w. ons kry verstands-, verbeeldings- en gevoelsbeeldspraak.

4. Eise van goeie beeldspraak

Beeldspraak kan nie gemaak of uitgeredeneer word nie: dit ontstaan onbewus, spontaan, oombliklik. Willem Kloos, ’n groot Nederlandse digter en kritikus, het gedurig die feit benadruk dat beeldspraak „iets oogenblikkelijks en acciden-teels” moet wees, anders word dit gesog, retories. Dit is veral die gesiene en deurleefde van beeldspraak wat bekoor, en alle beeldspraak kan dus nie goedgekeur word nie. Dit moet aan sekere eise beantwoord:

- (a) verstandsbeeldspraak is mis wanneer die ooreenkoms of verband tussen twee dinge te ver verwyder is vir ons assosiasievermoë. „Hy tref Engeland in die maag” sou bloot belaglik wees.
- (b) fantasiebeeldspraak is verkeerd wanneer sinnelike hoedanighede bymekaar gebring word wat nie bymekaar hoort nie, bv. „Die sangeres is ’n geurige nagtegaal.”
- (c) gevoelsbeeldspraak is onsuier as die gevoelstone nie met mekaar ooreenstem nie, bv. „opgewekte sugte.”

By die kwessie van suiwerheid moet ons ook let op die vraag of die woorde wat gebruik word, afgeslyt is of nie, d.w.s. of hulle geykte woorde is soos ons hulle bv. dikwels in die Latynse en Griekse godewêreld tref en soos hulle deur die 17e en 18e eeuse digters aangewend is. In Nederland het die

digters voor die Beweging van '80 hulle dikwels aan so'n holruggeryde, geykte taalaanwending skuldig gemaak.

Afrikaanse digters gebruik ook soms afgesaagde beelde. Deur veelvoudige gebruik raak woorde, uitdrukkings en beeldspraak met verloop van tyd afgeslyt. Hulle verloor mettertyd hulle frisheid en suggestiewe seggingskrag. Sulke afgeleefde uitdrukkings noem ons **retoriek** of **cliché's**. Retoriese taal is nie deurleef, deursien of deurvoel nie; dis bloot oorskrywery, nadoenery. Hier volg enkele staaltjies van afgeslete beeldspraak en cliché's:

Met 'n goue gloed in die Weste sterf die dag weg.

Jannie het deur sy afwesigheid geskitter.

Ek het my in die arms van Morfeus gewerp.

Op die sielkundige oomblik het hy my ter hulp gesnel.

Oorspronklike beeldspraak is dus 'n essensiële eis van die woordkuns. Dit moet eie skeppinge van die verbeelding wees, soos jy die dinge sien in die oomblikke van besieling.

5. Beeldspraak as taalskeppende faktor.

Skyambeeldspraak.

Alle tale is vol woorde wat oorspronklik beeldspraak was, maar nou nie meer as sodanig beskou word nie. In „die oor van 'n koppie” is die menslike oor waarskynlik oorgedra op 'n deel van die koppie wat sterk ooreenkoms daarmee getoon het. Soortgelyke voorbeelde is die **oog** van 'n naald, die **hoof** van 'n skool, die **voet** van 'n berg, die **elmboog** van 'n rivier, die **stert** van 'n ploeg, die **kam** van 'n berg, die **mond** van 'n rivier, ens. In al hierdie gevalle word die twee dinge nie meer inmekaar gesien nie, m.a.w. die uitdrukkings is nie meer beeldspraak nie.

„Hard” is iets wat 'n mens tasbaar voel, bv. 'n harde klip; maar dit kan oorgedra word op die gehoor (bv. hy is hard van gehoor), of op die gemoed (bv. hy het 'n harde hart). Vergelyk ook die woord „skerp” wat oorgedra kan word op die reuk (bv. 'n skerp geur), die gehoor (bv. 'n skerp geluid), die gesig (bv. 'n skerp kleur) en die gemoed (bv. 'n skerp verwyt). Ook hier kry ons nie meer beeldspraak nie: die bostaande woorde is die gewone name vir hierdie dinge. Sintuiglike waarnemings is verwant aan mekaar, maar die assosiasie het

afgeneem, en so het nuwe betekenis ontstaan. Dit is dus duidelik dat beeldspraak soms dien om die woordeskat van 'n taal uit te brei, want dit kan aanleiding gee tot nuwe betekenis.

Waar ons nog nie seker is van sulke woorde nie, kry ons **skynbare beeldspraak**, d.w.s waar dit lyk of daar beeldspraak is, maar waar 'n nuwe betekenis alreeds uit die oorspronklike beeldspraak ontwikkel het. Daar kan meningsverskil wees, maar dink maar aan die benaminge „laatvye” en „langore” vir donkies wat in sekere dele van die land gebruik word. Party mense voel dat hier alreeds nuwe woorde ontwikkel het.

6. Populêre opvattinge

Deurdat die aard en grondslag van beeldspraak dikwels baie oppervlakkig en onnoukeurig ondersoek is in die verlede, het allerlei onjuiste begrippe en beskouings ontstaan. Sommige mense bv. meen dat beeldspraak bloot 'n stylversiering is. Dit is egter nie die hêle waarheid nie. Beeldspraak dra wel by tot die oorspronklikheid, frisheid, krag, plastiek, ens. van styl; maar om werklik 'n stylversiering te wees moet die beeldspraak eg, deursien en deurleef wees. Natuurlike, spontane beeldspraak prikkel wel ons estetiese gevoel, maar wanneer die Nederlandse digter, Gorter, ons meedeel dat die blomme in 'n ry gestaan het soos 'n klomp mense langs mekaar in 'n teater, dan voel ons onwillekeurig die gesogtheid en onnatuurlikheid van sy beeld.

Die opvatting van ander dat 'n mens wat beeldspraak gebruik, om 'n draai praat, is net so min deurdag. Hierdie beskouing word soms in die hand gewerk deur 'n oppervlakkige studie van ons Bantoetale. In plaas van te sê „Die kind is dood” sal die kaffer bv. dikwels sê „sy son het ondergegaan.” Is dit dan nie 'n om-die-draai-praterie nie? Nee, hy wat hom van beeldspraak bedien, praat (of skryf) nie op 'n omslagtige manier nie. Hy probeer ook nie verduister nie. Hy sê eenvoudig op die kortste, egste en direkste manier wat sy verbeelding of gevoel waargeneem het.

As ek en jy in die straat afloop en ek sê vir jou: „Daar staan ou Goliath ook”, dan sê ek op die beknopste manier wat ek met my verbeeldingsoog gesien het. Ek sê nie: „Daar

staan 'n baie groot man" nie, want dit is onnodig. Met jou liggaamlike oog kon jy self die man gesien het. Ek het die twee dinge inmekaar gesien en toe op die eerlikste en duidelikste manier gesê wat in my geestelike bewussyn omgaan.

Nog 'n voorbeeld! „Sy druiwe is suur" is tog 'n veel pittiger, kernagtiger uitdrukking dan „Hy praat minagtend van iets wat hy graag sou wil hê of geniet", nie waar nie? Deur beeldspraak druk ek dus uit wat ek te sê het, veel juister, voller en persoonliker dan deur die sogenaamde eintlike woord.

7. Soorte beeldspraak

By beeldspraak het ons reeds twee soorte verhoudinge onderskei. Nou gaan ons 'n paar van die belangrikste tipes onder hierdie hoofde bespreek.

I. Assosiasie deur ooreenkoms

(a) **Metafoor:** (met bespreking van **Vergelyking**)

Deur die gebruik van 'n metafoor word die name van eenderse dinge met mekaar verwissel: een ding word genoem met die naam van 'n ander. Dit berus wel op ooreenkoms, maar die twee parallelle dinge of feite word met mekaar vereenselwig. Daar is hoofsaaklik vier groepe:

- (i) Oordrag van die een lewende wese op die ander:
Vat jou **pote** van my bene af.
- (ii) Oordrag van die een lewenlose ding op die ander:
Die **dikke** duisternis.
- (iii) Oordrag van die lewenlose op die lewende:
Hy is 'n **droë** vent.
'n **Harde** hart.
- (iv) Oordrag van die lewende op die lewenlose:
Die **dorstende** gesaaides.
Stygende berge.
Die wit seile **wenk** van ver af.
Kyk hoe die wolke **hulle vuiste bal**.
Die bui **snel** verby, terwyl die bome **staan en droom**.
Die huiseis **staan afgeleef** teen mekaar.

Bevoordeel deur bondigheid, pittigheid en indrukwekkendheid word hierdie beeld meer as enige ander gebruik.

Baiemaal word woorde vir kleure oordragtelik gebruik vir gevoelens. Dit is gevoelsmetafore. Goudgeel bv. wek die gevoel van vrolikheid; swart weer, droefheid; rooi is opwindend; blou, die verwyderde of abstrakte — selfs treurige eensaamheid; pers, heimwee; wit is bly, gelukkig, ens. Hier is enkele voorbeelde:

wit: witte droomen (van Deyssel)

swart: de Zwarte haat (van Deyssel)

blou: de blauwe duivel (Rusting)

goud: goue ure; die goue woord; goue liefde

Soms word woorde vir ander gewaarwordings van die sintuie oorgedra op die gevoelens: „Toen de tyden bladstil waren (Gorter); „**Harde kunst**” (Kloos); „**Dikke slaap**” (van Looy).

Ander kere kry ons weer naamsverwisseling tussen die sintuie: „’t **Gladde licht**” (van Looy); „**Drooge** gebaren” (van Deyssel); „de **massale donkerheid**” (Aug. de Wit).

Vergelyking:

Vergelyking is NIE beeldspraak nie. Dit is iets van ’n ander geaardheid en sielkundig word dit anders verklaar. In teenstelling met die beeldspraak waar ons twee dinge inmekaar sien, sien ons by vergelyking twee dinge **bymekaar**. Albei indrukke (d.w.s. die eintlike en dié waarmee dit vergelyk word) word in woorde gesê. By metafore, soos ons aangedui het, word twee parallelle feite of dinge met mekaar vereenselwig. By vergelykings, daarenteë, word die twee dinge naas mekaar gestel.

Hoe gebeur dit? Op baie maniere. Soms word die vergelyking ingelei met bepaalde woorde: **soos, nes, net soos, as, gelyk**, ens., bv.

„En stadiggies sterwe die dag

soos een in sy armoed verlaat.” (Celliers)

Deur parallelisme van bou word die vergelykingswoord dikwels oorbodig:

„Ik ween om bloemen, in den knop gebroken,

En voor den uchtend van haar bloei vergaan.

Ik ween om liefde, die niet is ontloken,

En om mijn harte dat niet werd verstaan.” (Kloos)

As die vergelyking tot in fyn besonderhede uitgewerk word, kry ons ’n Homeriese vergelyking. Hierdie tipe is vol ver-

beelding en gevoel. Die visie word visioen. Ons tref hierdie soort veral by Homerus, maar ook by Dante, Guido Gezelle, Kloos, e.a. In Afrikaans verskaf D. F. Malherbe die volgende voorbeeld:

„Soos op 'n kermismark 'n man
stom ronddwaal onder feesgejoel,
en onder stemverwarring deur
van duisend mense eensaam voel,
en soek of hy van lieue vriend
die flouste spoor net kan gewaar,
maar vreemde aangesigte ontmoet
met koue, onvriendelike gebaar . . .
so sal hy deur die wêreldwoeling
eensaam dwaal en nêrens vind,
met niks wat strek tot dorsverkoeling,
verlange-dors na dierbaar kind.”

(b) **Allegorie:**

Onder allegorie verstaan ons 'n voortgesette metafoor, tot in die fynste besonderhede uitgewerk. Dit is m.a.w. 'n verhaal met 'n reeks voorvalle wat 'n sinnebeeldige voorstelling gee van 'n ander reeks werklike voorvalle. Somtyds is die doel van die allegorie om die leser 'n sedeles te gee. Die bekendste allegorie van didaktiese aard is waarskynlik Bunyan se „Pilgrim's Progress”. Ander voorbeelde is „Die Hoop van Suid-Afrika” en „Die Vrou van Suid-Afrika” van Langenhoven.

(c) **Personifikasie:**

Hier kry ons die oordrag van die lewende op die lewenlose, bv. die **dorstende** aarde; die bome **staan en droom**, ens. Die kinderwêreld veral is ryk aan voorbeelde. 'n Meisie praat met haar pop asof dit 'n mens is, en die seun bedui en gesels met sy klei- of bottellose asof hulle werklik kan verstaan. Leipoldt se „Seepkissie” en „Die Vlakte” van Jan Celliers is tipiese voorbeelde uit die Afrikaanse letterkunde. Die seepkissie en die vlakte word personifieer, d.w.s. die attribute van lewende wesens word op die lewenlose oorgedra.

(d) **Hiperbool:**

Hieronder verstaan ons 'n gepaste vergroting. Die vergroting is alleen gepas as daar vir die normale gevoel ooreenkoms bestaan tussen die indrukke wat deur altwee dinge gemaak word. Die hiperbool berus dus hoofsaaklik op gevoels-ooreenkoms. Voorbeelde:

Ek sit al hier **'n jaar** vir jou en wag.

Daar is nie nog so 'n geweer **in die hele wêreld** soos dié van my nie.

(e) **Eufemisme:**

As ons uit kiesheid, welwillendheid, eerbied of fatsoenlikheid 'n sagter uitdrukking gebruik, heet daardie uitdrukking 'n eufemisme (verbloeming). Daar bestaan verskeie middele:

- * (i) 'n sagter woord of uitdrukking word gekies, bv.

Hy **het in die bottel gekyk**. Hy is **heengegaan** (dood).

- * (ii) die waarheid word omskryf. As 'n leer 'n terugslag kry, hoor ons dikwels van **'n strategiese terugtog volgens plan**. Koerante is vol sulke voorbeelde.

- (iii) 'n woord kan vervorm word, bv.

maskas, maggies, mentig (magtig)

- (iv) die voorvoegsel **on-** word voor 'n woord met 'n gunstige betekenis geplaas, bv.

Dis 'n **onaangename** (slegte) reuk.

- (v) 'n woord word uitgespel, bv.

Loop na die h-e-l.

LET OP:

Hierdie voorbeelde is natuurlik nie almal trope nie, want sommige beantwoord nie aan ons maatstaf nie, nl. **noem ons die ding met sy eintlike naam of met 'n ander naam wat 'n beeld daarvan is?** Slegs die voorbeelde onder (i) en (ii) is trope; die orige hoort tuis onder „ander stylfigure”.

(f) **Ironie:**

Hierdie troep berus nie op ooreenkoms nie, maar wel op teenstelling. Hier word die ding of saak genoem met 'n naam wat die teenoorgestelde beteken. As 'n groot seun 'n kleintjie

afknou en iemand sê vir hom: „Dis dapper van jou!” dan is die uitdrukking ironie, want die spreker bedoel dit net anders om.

I. Assosiasie deur verband

(a) Sinekdogee:

By hierdie soort naamsverwisseling kan allerlei verhoudinge waargeneem word, bv.

- (i) 'n deel word genoem i.p.v. die geheel:
Toe ek inkom, sien ek net **gesigte**.
- (ii) die geheel word vir die deel genoem:
Sy **lewe** het deur die oop wond weggevloei.

(b) Metonimia:

Ons onderskei, hoofsaaklik, drie groepe:

- (i) oorsaak vir gevolg en omgekeerd, bv.
Na ek Shakespeare se **kuns** gelees het, . . .
Daar hang 'n **lied** oor die veld.
- (ii) die bevattende vir die bevatte, bv.
die slapende **stad**
Die hele **saal** het asem opgehou.
- (iii) die teken vir die betekende:
Ons moet sy **grys hare** respekteer.

(c) Antonomasia:

Hiermee bedoel ons die aandui van 'n saak of persoon deur 'n treffende besonderheid. Die bekendste tipe is dié waar iemand genoem word by die naam van 'n persoon wat 'n sekere eienskap of karaktertrek voorstel, bv.

Hy is die **Chaka** van ons buurt.

Hy is die **Quisling** van daardie land.

B. ANDER STYLFIGURE

Betekenis:

Onder die ander stylfigure verstaan ons 'n eienaardige manier van praat, anders as die gewone, maar veel sprekender. By hierdie soort figure word egter geen beelde gebruik nie. As ons die resultaat wat bereik word, as leidraad neem, kan ons drie psigologiese groepe onderskei:

- (a) Dié soort wat gebruik word om 'n idee te onderstreep of beklemtoon.
 - (b) Dié soort wat begrippe veryl of vervlugtig. Deurdat die beskaafde mens nie sommer goedsmoeds wil beledig of aanstoot gee nie, word harde waarhede of fatsoenlike taal as 't ware „gesublimeer”, d.w.s. op 'n mooi wyse omskryf of versag. Hieronder val ook dié soort wat verklein.
 - (c) Die taal van die diepe emosies.
- Hier volg nou 'n paar van die belangrikste soorte:

Groep I

I. Repetisie:

Dit beteken herhaling van een of meer woorde.
Die vernaamste soorte is:

- (i) Herhaling aan die begin, bv.

Ek hou van 'n man wat sy land lief het. **Ek hou van 'n man** wat sy volk vereer. **Ek hou van 'n man** wat pal staan by sy oortuigings. **Ek hou van 'n man** wat sy medemens liefhet.

- (ii) Herhaling aan die slot, bv.

Toe dit uit was met die vryheid, was dit met vreugde **uit**, met lewenslus **uit**, met volkskrag **uit**.

- (iii) Herhaling aan die begin en die slot, bv.

Hy wat sy gesondheid **verloor** het, sy goeie naam **verloor** het, sy siel **verloor** het, het alles **verloor**.

II. Sinonimie:

Dit beteken opeenhoping van sinonieme: woorde van verwante betekenis, bv.

Die arme boer **werk** en **slaaf**, en **swoeg** en **sweet**, maar dis alles verniet.

III. Antitese:

Dit beteken teenstelling: twee sake of begrippe word teenoor mekaar gestel, bv.

Hoe **verder** van jou goed, hoe **nader** aan jou skade.
Die een se **dood** is die ander se **brood**.

IV. Paradoks:

Dit beteken 'n skynbare teenstrydigheid, in die hele strekking van die sin, bv.

Stilbly is ook 'n antwoord.

Die Heer kasty diegene wat Hy liefhet.

V. Oximoron:

Hieronder verstaan ons die gebruik van twee woorde naasmekaar in 'n sin wat mekaar weerspreek. Dit is 'n soort paradoks, bv.

Dat Jan eerste gekom het, is al ou nuus.

Hy is alweer horende doof.

VI. Polisindeton:

Dit beteken 'n veelvoudige herhaling van voegwoorde, bv.

Jy mag nie die hamer, of die beitel, of die saag, of die boor, of die skaaf hier wegneem nie.

VII. Asindeton:

Dit beteken 'n weglating van voegwoorde, bv.

Grotes, kleintjies, armes, rykes, siekes, gesondes, goeies, slegtes — almal kom baai hulle in die heilige rivier.

VIII. Interrogasie (Retoriese vraag):

Hieronder verstaan ons vrae wat jy in jou eie gedagte moet beantwoord, of waarvan jy die antwoord alreeds ken. Van 'n slegte politikus byvoorbeeld sal iemand skryf:

Is hy 'n leier vir ons volk? Het hy nog altyd die onbewimpelde waarheid gepraat? Is hy 'n voorbeeld vir die jongeres? Kan hy deur die volk vereer word? Wat het hy al vir ons gedoen?

IX. Preteritio:

Dit beteken skynbare verbygang; maar juis hierdeur word die weetgierigheid geprikkel, bv.

Van al die dinge wat daar op die danspartytjie plaasgevind het, sal ek maar nie rep nie. Hoe Piet ons gedurig aan die lag gehou het, en hoe Blou Stefaans-hulle kort-kort die oog besoek het en later moleste gemaak het, sal ek maar die sluier oor laat val.

X. Ellips:

Dit beteken weglating. 'n Deel van 'n sin word soms weggelaat of verswyg om daardeur jou bedoeling te beklemtoon, bv.

Daardie haatlike diender. Driemaal het hy my al betrap en elke keer moes ek tronk sit. Daar kom hy nou aan. Waar's my mes. Ek gaan hom . . . Maar dan . . . Nee wat, hy is dit nie werd nie?

Groep 2

I. Perifrase:

Dit beteken omskrywing. Hierdie figuur word gebruik waar die spreker of skrywer dit beter vind om liewer 'n idee vaag te omskryf — om doekies om te draai i.p.v. reguit te praat. In stede van reguit te konstateer „Jan is lui”, sal iemand miskien sê *Jan het hom nog nooit juis dood gewerk nie.*

II. Generalisasie:

Dit beteken veralgemening, bv.

Die hele wêreld is vanmore weer omgekrap op hierdie lieue ou plaas.

Teen die tyd het die hele dorp seker al daarvan gehoor.

III. Litotes:

Hier kry ons die teenoorgestelde van 'n hiperbool, nl. 'n gepaste verkleining. Die grootste geskenk kan deur party donateurs as „net 'n nietigheidjie” of „'n skamele ou bydragie” bestempel word. Soms sê iemand: „Ek is nou-nou wees hier”, en dan bly hy 'n paar uur weg.

IV. Eufemisme:

Hieronder verstaan ons 'n sagter uitdrukking wat soms uit welvoeglikheid, eerbied of welwillendheid gebruik word. Soos vroeër aangedui het, is alle eufemismes nie trope (beeldspraak) nie. Hier volg nou 'n paar voorbeelde van die stylfiguur eufemisme wat nie as beeldspraak beskou kan word nie:

- (i) 'n woord word vervorm, bv.
maskas, maggies, mentig (magtig)
- (ii) die voorvoegsel **on-** word voor 'n woord met 'n gunstige betekenis geplaas, bv.
Die seun is baie **onnet** (slordig).
- (iii) 'n woord word uitgespel, bv.
Loop na die h-e-l.

Groep 3

I. Eksklamasie:

Dit beteken uitroep, bv.

*„Helaas! helaas! hoe vlieden onze dagen,
Hoe spoedt zich ieder uur met onze luister heen!
Hoe flauwe vreugd! hoe bitt're plagen!
Hoe min vermaak! hoe veel geweene! (W. v. Haren)*

II. Apostroof:

Dit beteken afwending. Dit is die figuur as 'n mens jou van jou toehoorders afwend om ander persone of dinge wat afwesig is, toe te spreek, bv.

Suid-Afrika, hoe verlang ek tog nie terug na jou nie!